

# INFORMASIE-TEGNOLOGIE

## INFORMATION TECHNOLOGY

### BEWARING VIA HOMMELTUIG

Jy het al die videos op YouTube gesien – uitgestrekte, asemrowende lugskote van areas wat feitlik ontoeganklik is vir die meeste mense. Rhino Africa het Woensdag 'n video vrygestel wat met behulp van 'n hommeltuig verfilm is. [Die video wys die skoonheid van Afrika](#) en die resultate is asemrowend.

Deesdae kan ons toegang kry tot feitlik enige afgeleë area met behulp van 'n hommeltuig of UAV (unmanned aerial vehicle) met afstandbeheer, sagteware of GPS-stelsel. Hierdie vlieënde robotte word "hommeltuie" genoem omdat hulle klink soos die eentonige gedreun van 'n manlike by.

Aanvanklik is hommeltuie nie net as blote tydverdryf gebruik nie. Die eerste toestelle is aangewend deur die weermag, maar vandag is siviele hommeltuie meer algemeen as hul militêre eweknieë. Na beraming is daar teen 2015 reeds meer as 2 miljoen verkoop en word hulle gebruik vir kommersiële, wetenskaplike, ontspannings- en landboudoeleindes, sowel as ander funksies soos polisiëring, toesig, lugfotografie en natuurbewaring.



nuarie 2011 deur Lian Pin Koh, 'n natuurbewaringsekoloog en duidelik dat die beskikbare UAV's te duur was vir ontwikkelende jstede. Die eerste oplossing was om hul eie, meer bekostigbare weergawe te maak vir 2,000.

Indonesië waar dit meer as 30 ritte onderneem het en duisende hoë-gevoeligheidskamera's versamel het. (<https://conservationdrones.org/our-story/>)

Na mate Lian en Serge se navorsing bekend geraak het, is die term "Conservation Drone" gebore en teen 2012 is UAV's ook deur die International Anti-Poaching Foundation.

(<https://www.youtube.com/watch?v=FlrgjCNcDBI>)

Hommeltuie word reeds wêreldwyd vir natuurbewaring gebruik. Die WWF (World Wide Fund for Nature) het dit in 2012 in die Chitwan Nasionale Park in Nepal, begin gebruik om renosters, tiere en olifante te monitor, maar ook om te dien as 'n afskrikmiddel vir stropery. In dieselfde jaar Google \$5 vir die WWF gegee om hommeltuie aan te koop om gedeeltes van Afrika en Asië te monitor en stropery te bekamp.

Ook in Suid-Afrika is UAV's suksesvol in die Kruger Nasionale Park teen renosterstropers gebruik nadat Denel Dynamics, 'n vervaardiger van die tegnologie, dit aan die Suid-Afrikaanse Nasionale Parkeraad geleen het vir natuurbewaring.

In Maart 2014 het die Howard G. Buffett Stigting aangekondig dat hulle 255 miljoen rand skenk vir 'n driejaar inisiatief, in samewerking met die Natuurbewaringstrust, Suid-Afrikaanse Nasionale Parkeraad (SANParks) en 'n Suid-Afrikaanse openbare winsorganisasie (PBO). Hierdie inisiatief se doel is om stropery in die Kruger Nasionale Park te beveg en nuwe anti-stropery tegnologie te toets. SANParke toets tans die hommeltuie en vanjaar het die Stigting 'n verdere 37.7 miljoen gegee vir die aankoop van 'n helikopter vir gebruik teen stropery bedrywighede. (<https://www.savetherhino.org>)

In Namibië is hierdie tegnologie deur die Sea Shepherd Conservation Society gebruik om die jaarlikse uitdunproses van robbe te monitor en ook om rensosterstropery in die Etosha Nasionale Park te bekamp.

Ander gebruike vir UAV's sluit in: opnames van gewasse, lugfotografie, reddingspogings, inspeksie van kraglyne en pylpleidings, tel van wild, aflewering van mediese voorrade in andersins ontoeganklik gebiede, die opsporing van persone wat onwettige jag, verkenningsoperasies, koöperatiewe omgewings monitor, grenspatrollie-missies, beskerming van

*konvoie, bosbrandbeheer, toesig, humanitêre hulp, landmeting, vuur en ongelukke ondersoek, meting van grondverskuiwings, opsporing van onwettige stortingsterreine, die konstruksiebedryf en ook skare beheer.*

*[SOURCES: [https://en.wikipedia.org/wiki/Unmanned\\_aerial\\_vehicle](https://en.wikipedia.org/wiki/Unmanned_aerial_vehicle), <https://conservationdrones.org/our-story/>,  
[https://en.wikipedia.org/wiki/Conservation\\_Drones](https://en.wikipedia.org/wiki/Conservation_Drones),  
[https://www.savetherhino.org/rhino\\_info/thorny\\_issues/the\\_use\\_of\\_drones\\_in\\_rhino\\_conservation](https://www.savetherhino.org/rhino_info/thorny_issues/the_use_of_drones_in_rhino_conservation)]*

*Posted in:Algemeen,Groen IT,Navorsing | | With 0 comments*